The hesitant economic recovery, large surpluses on the current account of the balance of payments, and unexpectedly slow growth in the money supply, led the Reserve Bank further to ease its monetary policy stance in the second quarter, August and September 1986. The Bank's rediscount and other refinancing rates were reduced further by 1 per cent from 5 May, by $\frac{1}{2}$ per cent from 5 August, and by a further $\frac{1}{2}$ per cent from 5 September 1986. Bank rate was reduced in these three steps from 12 to 10 per cent. In its statement accompanying the Bank rate cut in May, the Bank made special reference to the persistent slowdown in the extension of bank credit to the private sector and to the need for restimulating aggregate expenditure. The further lowerings of Bank rate and the associated refinancing rates clearly were also in accord-

Financial markets

Short-term interest rates



ance with the Bank's stated intention of making active use of its discount policy for bringing its influence to bear on interest rates, total expenditure and the money supply.

Money market rates generally declined in broad agreement with the Bank rate reductions but occasionally retreated to levels fairly significantly below Bank rate in anticipation of further Bank rate cuts. The rate on liquid three-month bankers' acceptances, for example, declined from 12,60 per cent at the end of April 1986 to 10,25 per cent in early August, and to only 9,90 per cent towards the end of August (when the Bank's rediscount rate for liquid bankers' acceptances still stood at 11,00 per cent). After the Bank rate cut of 5 September and the lowering of the Bank's rediscount rate for bankers' acceptances to 10,50 per cent, the market rate on bankers' acceptances receded to as little as 9,25 per cent on 5 September, its lowest level since March 1981. The prime overdraft rate of the clearing banks was reduced in accordance with the Bank rate reductions to 14,5 per cent from the middle of May, 14,0 per cent from the second half of August, and 13,5 per cent from 20 September 1986.

Debt management and refinancing operations

Reserve Bank debt management operations during the period from April to August 1986, i.e. during the first five months of fiscal 1986/87, continued to be concerned mainly with funding the Government's borrowing requirements. Net sales of government stock during this five-month period amounted to R2 617 million. Of this amount, R1 800 million was obtained on tap from the Treasury, while R766 million was taken up via the Public Investment Commissioners. Specially-dated Treasury bills to a total of R500 million, having been put out on tender in varying amounts in April, May and June 1986, were redeemed at the end of August to alleviate the usual seasonal tightening of money market conditions. New tenders were accepted on 5 September for an amount of R200 million of specially-dated Treasury bills that will mature on 28 November 1986. A further such issue of R100 million on 15 September drew applications for R460 million and was allotted at an average rate of 8,99 per cent.

Funds of the Corporation for Public Deposits placed with the discount houses were raised to a new peak of R900 million on 29 July, but subsequently declined to only R84 million on 20 August. In the light of the customary large tax payments at the end of August, these funds were increased again to R800 million on the August month-end. On 15 September, CPD funds with the discount houses amounted to R723 million. Refinancing accommodation at the discount window similarly declined rapidly during the first three weeks of August. Such accommodation, in fact, was allowed to drop to nil (i.e. the money market was permitted to be fully "out of the Bank") on a number of days in the third week of August, as a further aid to credit market sentiment. At the end of August, refinancing at the discount window had returned to an amount of slightly over R900 million. It amounted to R221 million on 15 September.

Capital market activity

Activity in the capital market, which had started to move to higher levels from early 1985, accelerated still further in the second quarter and in July and August of 1986. This was clearly reflected in considerably increased turnovers in public sector securities, substantial new issues of public and private sector stock, a further surge in share prices, a sustained high level of the inflow of funds to non-contractual savings institutions, increased mortgage lending, and a slight improvement in real estate transactions. Trading activity in the share market, however, receded slightly in the second quarter.

The value of public sector stock traded on the stock exchange rose from R20,2 billion in the first quarter of 1986 to a new record level of R24,4 billion in the second quarter. In July and August the monthly turnover of these stock averaged as much as R13,7 billion or 69 per cent


more than the monthly average of R8,1 billion in the preceding three months.

The slight improvement in real estate transactions consisted of a rise in the value of such transactions from R2,6 billion in the first quarter of 1986 to R2,7 billion in the second quarter. In July, the total value of real estate transac-


tions, at R977 million, was again somewhat higher than the average level of the preceding three months.

The value of shares traded on the stock exchange receded slightly from R2,4 billion in the first quarter to R2,3 billion in the second quarter of 1986. This was followed, however, by a substantially higher monthly average of R1,1 billion in July and August. The slightly lower turnover in shares in the second quarter of 1986 was partly related to institutional investors' preference for increased holdings of fixed-interest securities, in view of their expectations of a decline in capital market interest rates. The average price of all classes of shares increased by 2 per cent in the second quarter of 1986 notwithstanding a 3 per cent decrease in industrial and commercial share prices. Share prices then increased, on average, by a further 14 per cent in July and August, in the wake of marked buying pressure from individual and institutional investors. Gold mining share prices, however, rose by as much as 24 per cent in July and August, mainly because

Security and real estate transactions



Share prices



of an upward trend in the dollar price of gold and a relatively lower rate of appreciation of the rand up to late August.

In the primary markets, the public sector raised new funds through issues of fixed-interest securities to banks and private non-bank investors to an amount of R1 818 million in the second quarter of 1986, compared with net redemptions of R107 million in the preceding three months. Companies listed on the stock exchange raised R51 million through new issues of fixed-interest securities and R447 million through new share capital issues during the second quarter of 1986. This could be compared with first quarter amounts of R14 million and R64 million, respectively. Given the comparatively low level of business activity and investment demand, this substantially increased recourse to the securities markets assisted companies in reducing their use of bank credit (including leasing finance) by R576 million, after a rise of R305 million in the use of such credit in the first quarter of the year.

The improved net inflow of funds to building societies and participation mortgage bond schemes allowed these institutions to increase their mortgage lending from R1 478 million in the first quarter of 1986 to R1 601 million in the second quarter. The demand for mortgage finance nevertheless remained relatively subdued *inter alia* under the impact of the weakening of households' real disposable income positions and because of a general socio-political environment that did not yet appear to favour long-term commitments in the form of increased investments in real estate.


Long-term interest rates

A general easing of the monetary-financial environment, in combination with occasional shifts in market sentiment, caused capital market interest rates in the first half of 1986 to show some volatility while displaying a slightly downward trend. Having reached a peak of 18,1 per cent in December 1985, the average monthly yield on long-term government stock declined on balance to 17,3 per cent in the first quarter of 1986 before rising marginally to 17,4 per cent in the second quarter. A decisive and substantial downward movement in long-term rates set in, however, from the second half of June 1986. As a result, the average of this rate receded to 16,4 per cent in July and to as low a level as 14,9 per cent in August and 14,2 per cent in the first half of September.

The average dividend yield on all classes of shares increased from 4,8 per cent in December 1985 (when the so-called "inverse" yield gap between this yield and the long-term government stock yield amounted to an unprecedented 13,3 per cent) to 5,2 per cent in June 1986. Mirroring the subsequent rise in share prices, this yield then declined again to 5,1 per cent in July and to 4,9 per cent in August.

The building societies' maximum home mortgage rate, which had been lowered to 18,25 per cent in October 1985, was reduced to 17,0 per cent in May 1986 and to 16,0 per cent in June. At the time of the rate reduction of

Long-term interest rates



May 1986, the building societies also replaced their earlier set of differentiated mortgage rates by a uniform rate for all borrowers irrespective of the size of the mortgage loan granted. Participation mortgage bond schemes revised their mortgage rates downwards from 16,75 per cent in December 1985 to 15,94 per cent in January 1986; this rate has since been kept at this level.

An indication of movements in long-term deposit interest rates was provided by changes in the twelve-month deposit rates of banks and building societies. The predominant rate on these deposits, which had declined to 14,0 per cent in January 1986, was reduced to 13,0 per cent in May, 12,0 per cent in June, and 11,0 per cent in August 1986.

Government finance



Exchequer issues* and receipts

In accordance with its normal pattern of recent years, Exchequer issues increased sharply during the first quarter of fiscal 1986/87, covering the period from April to June 1986. Exchequer issues to government departments in these three months were 22,1 per cent higher than in the corresponding period in 1985. A fairly moderate increase in such issues was, however, recorded in July 1986 in comparison with the extraordinarily high level of issues in July 1985, and the rate of increase in these issues then decelerated further in August. During the first five months of fiscal 1986/87, total issues to government departments accordingly were 15,8 per cent higher than in the same five-month period of the preceding year. This rise therefore only moderately exceeded the 13,9 per cent increase in government expenditure that had been envisaged in the March 1986 Budget for fiscal 1986/87 as a whole.

A package of further stimulatory fiscal measures, additional to the measures that had been announced in September 1985 or been included in the Budget for 1986/87, was announced by the Minister of Finance on 17 June 1986. This package, to an aggregate amount of R1,5 billion, consisted mainly of the immediate repayment of the 1979/80 loan levy, exemption of certain imported goods from the 10 per cent surcharge on imports, a reduction in the excise duties on motor vehicles, a more lenient approach to fringe benefit taxation on motor cars, further increases in aid to drought-stricken farmers, additional low-cost housing and job-creation programmes, and additional help for the Small Business Development Corporation. It was estimated that the Government in terms of these measures would concede R250 million in revenue, while spending an extra R450 million, during the remainder of fiscal 1986/87. Financing of the resultant increase in the budgetary deficit was to be provided in the form of a transfer to the Exchequer of certain revenues, and of the sales proceeds of certain assets, of the Central Energy Fund and the Industrial Development Corporation. The various elements in the package therefore were not meant to be neutralised by an increase in taxation, while the Government also sought to limit its need for increased recourse to the capital market.

Like Exchequer issues, exchequer receipts during the first quarter of the fiscal year 1986/87 were substantially higher than during the same quarter of fiscal 1985/86. The increase of 19,4 per cent recorded during this period mainly resulted from a substantial increase in revenue from gold mining companies, reflecting higher profits that were related to the depreciation of the rand in combination with a relatively stable dollar price of gold. In addition, a sharp increase was recorded in income tax receipts from

Exchequer Account




*The Exchequer Account is adjusted for changes in the balance on the Paymaster-General Account.

other sources. Receipts from customs duties also were considerably higher than in earlier quarters because of the effect of the surcharge on certain imports that had been introduced in September 1985. Revenues from general sales tax, on the other hand, showed very little further increase, while receipts from excise duties actually declined.

During July and August the rate of increase in Exchequer receipts declined markedly. As a result, Exchequer receipts during the first five months of fiscal 1986/87

Revenue collections – State Revenue Fund



were only 10,6 per cent higher than in the corresponding five months of the previous fiscal year. This rate of increase was well below the 13,1 per cent increase that had been foreseen in the Budget for fiscal 1986/87 as a whole.

Financing the deficit before borrowing

The deficit before borrowing and debt repayment for the first five months of fiscal 1986/87 amounted to R3 343 million, or to R1 112 million more than during the corresponding period of fiscal 1985/86. The size of the deficit, therefore, also provided evidence of the Government's shift to a moderately more expansionary fiscal policy stance. At its level of R3 343 million, the deficit in respect of the April-August period represented 85 per cent of the deficit of R3 944 million for all of the current fiscal year that had been envisaged in the Budget of March 1986. This could be compared with a similar ratio of 75 per cent in respect of the first five months of fiscal 1985/86. The data currently available for the first four months of the fiscal year 1986/87 indicate that the deficit of R3 500 million recorded during this period (plus the discount of R347 million on new government stock issues) was financed by borrowing R943 million from the "monetary" sector, R1 598 million from the non-monetary private sector, and R1 382 million from the Public Investment Commissioners. The Government's foreign debt was reduced by R76 million over this period.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Die bemoedigende, alhoewel matige, hervatting van positiewe groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die derde en vierde kwartale van 1985 is nie in die eerste kwartaal van 1986 gehandhaaf nie, toe die reële bruto binnelandse produk na raming teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 2½ persent teruggesak het. Voorlopige ramings toon egter dat die reële bruto binnelandse produk van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die tweede kwartaal van 1986 na 'n matig opwaartse koers terugkeer het. Positiewe reële groei in drie van die vier mees onlangs voltooide kalenderkwartale, tesame met matig hoër vlakke van reële produksie in die tweede kwartaal van 1986 as in die tweede kwartaal van 1985, bevestig derhalwe dat 'n laagtepunt in die totale reële ekonomiese bedrywigheid in die tweede kwartaal van 1985 bereik is. Vanaf die middel van 1985 het opeenvolgende kwartaallikse veranderings hulleself per saldo op 'n ligtelik opwaartse langertermyn-groeipad bevind.

Die ongunstige algemene klimaat met betrekking tot sakevertroue, verbruikerssentiment en oorsese persepsies van die Suid-Afrikaanse toestand waarbinne die huidige herstel 'n vastrapplek moes vind, het in belangrike mate bygedra tot die traen en weifelende aard van die groei in die totale reële bruto binnelandse besteding en het ook die samestelling van hierdie besteding sedert die middel van 1985 grootliks beïnvloed. Nadat dit in die derde kwartaal van 1985 toegeneem en in die vierde kwartaal afgeneem het, het die totale reële binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1986 teen 'n betreklik stewige jaarkoers (van ongeveer 7 persent) toegeneem voordat dit in die tweede kwartaal weer gekrimp het (teen 'n jaarkoers wat voorlopig op 3 persent geraam word). 'n Afwaartse aanpassing in die reële private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1986 is egter in die tweede kwartaal meer as ten volle omgekeer. Terselfdertyd het die reële owerheidsverbruiksbesteding in die tweede kwartaal sy sterk opwaartse neiging van die eerste kwartaal teen 'n slegs matig laer koers voortgesit. Die hernieuwe afname in die totale reële bruto binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1986 kon derhalwe geheel en al toegeskryf word aan 'n voortsetting van die afwaartse beweging in die reële bruto binnelandse investering teen 'n koers wat slegs matig laer was as in die eerste kwartaal van die jaar, en aan 'n hernieuwe versnelling van die koers van interng op reële voorrade.

'n Opmerklike sterk nuwe opwaartse beweging in die goedere-uitvoer en die netto gouduitvoer, tesame met 'n meer beperkte stygging in die waarde van die goedere-invoer en netto betalings vir dienste, het meegebring dat die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans in die tweede kwartaal van 1986 herstel het tot 'n jaarkoersvlak van ongeveer R6 miljard, of tot 'n vlak wat effens hoër was as die kwartaallikse gemiddelde van die oorskot op die lopende rekening in die loop van 1985. Gesteun deur 'n aansienlike verdere daling in die uitvloei van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie en deur

'n verdere inkrimping van die uitvloei van langtermynkapitaal, het hierdie volgehoue sterk internasionale handelsprestasie gelei tot 'n matige toename van ongeveer R0,5 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes. Dit was die eerste sodanige kwartaallikse toename wat aangeteken is sedert die stilstand met betrekking tot die terugbetaling van sekere buitelandse skuld op 2 September 1985 ingestel is.

Die stygging in die netto buitelandse reserwes het in die tweede kwartaal van 1986 ook 'n klein positiewe bydrae gemaak tot die groei in die breed gedefinieerde geldvoorraad, M3. Die baie beperkte toename in bankkrediet aan die private sektor vanaf die einde van Maart 1986 tot die einde van Julie was statisties daarvoor verantwoordelik dat die groeikoers van M3 (oor twaalf maande gemeet) gedurende hierdie tydperk nietemin verder verlangsaam het en dat die verskil tussen die waargenome en die mikpunktgroei van die geldvoorraad dienooreenkomsdig verder vergroot het. Tesame met die voortgesette traagheid van die ekonomie en die sterk voorkoms van die lopende rekening van die betalingsbalans, het hierdie ontwikkelings redes voorsien waarom die Bankkoers en die daarmee verbonde stel herfinansieringskoerse van die Reserwebank in Mei, Augustus en September 1986 verder afaarts aangepas en ondersteunende maatreëls vir 'n verdere verruiming van die monetêr-finansiële klimaat toegepas is. Die Bankkoers is in Mei van 12 tot 11 persent, in Augustus tot 10½ persent, en in September tot 10 persent verlaag; geldmarkrentekoerse in die algemeen, wat breedweg in ooreenstemming met hierdie Bankkoersverlagings afaarts beweeg het, het hierdeur uiteindelik op hulle laagste vlakke sedert vroeg in 1983 of die eerste helfte van 1981 te staan gekom.

Op die gebied van fiskale beleid is 'n verdere pakket stimuleringsmaatreëls, wat na raming gedurende die res van die fiskale jaar 1986/87 bykomende owerheidsbesteding van R450 miljoen en inkomstekonsessies ten bedrae van R250 miljoen tot gevolg sou hê, op 17 Junie 1986 aangekondig. Die kapitaalmarkte het, in reaksie op die algemene verruiming van die monetêr-finansiële klimaat, vanaf die middel van Junie tot vroeg in September aanmerklike dalings in langtermynrentekoerse te sien gegee, wat met 'n verdere sterk opwaartse beweging in aandelepryse, aansienlike nuwe uitgiftes van openbare en private effekte, en aanmerklike verdere toenames in die omset van effekte van die openbare sektor gepaard gegaan het.

Teen die derde kwartaal van 1986 het die betreklike gebrek aan lewenskragtigheid van die huidige herstel in die "reële" sfeer, in teenstelling met die finansiële sfeer, van die ekonomie tot op daardie tydstip ook na vore gekom in sekere kenmerke wat die huidige herstel laat uitstaan het as anders as vroeëre en meer "tipiese" sikliese opswaale in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Eerstens het die volume van die goedere-invoer, wat normaalweg betreklik vinnig op draaipunte in ekonomiese bedrywigheid reageer, in die eerste drie kwartale van die huidige oplewing nagelaat om dit te doen; die volumes van die invoer het in die tweede kwartaal van 1986 egter wel in betekenisvolle mate

gestyg en na alle waarskynlikheid in Julie verder toege- neem. Tweedens het die geregistreerde werkloosheid, wat tradisioneel ook 'n samevallende konjunktuur-aanwyser is wat opmerklike sensitiwiteit aan die dag lê, voort- geaan om tot Januarie 1986 te styg. Die matige daling wat sedertdien wel daarin voorgekom het, kon gedeeltelik toegeskryf word aan die Regering se spesiale opleidings- en werkskeppingsprogramme. Derdens het die verlening van nuwe bankkrediet aan die private sektor, wat by vroeëre geleenthede minstens gedeeltelik vanweé die verwantskap daarvan met stygende goedere-invoere, geneig het om te versnel vanaf tydstippe wat ná aan die beginpunt van sikliese opswaaie geleë is, by hierdie geleentheid voortgegaan om regdeur die huidige herstel tot in Julie 1986 te verlangsaam.

Teen die middel of derde kwartaal van 1986 is daar egter ook reeds 'n aantal omstandighede geskep wat metertyd bevorderlik behoort te wees vir 'n meer lewenskragtige opswaai in totale private besteding. Hierdie omstandighede het ingesluit die meer ontspanne ingesteldheid van monetêre beleid en die stimulerende uitwerking wat deur die owerhede se meer ekspansionistiese fiskale beleid uitgeoefen word of nog uitgeoefen sal word; die "rykdommeffek" van die stygende waardes van huishoude-like bates op die leenvermoë en die verbruiksgeneigdheid van die private sektor; en die voortgesette stimulerende uitwerking van die betreklik lae valutawaarde van die rand. Feite wat gedui het op 'n potensieel meer lewenskragtige oplewing in totale binnelandse besteding en produksie kon onder verskeie ander gegewens gevind word in 'n mate van nuwe veerkrachtigheid in die verkoop van nuwe motorvoertuie (ná seisoensaansuiwering van die betrokke verkoopsyfers) in Junie, Julie en Augustus 1986; in toenames in die registrasies van nuwe maatskappye en transaksies in vaste eiendom in Julie; en in taamlik opmerklike stygings in kleinhandelsverkope in Junie en Augustus. Aangesien die kleinhandelsverkoopsyfers vir Junie waarskynlik beïnvloed is deur 'n geleidelike wegkywing van vroeëre verbruikersboikkotte van kleinhandelsondernemings in sekere dele van die land, is dit moontlik dat die verdere styging in die kleinhandelsbedrywigheid in Augustus (ná seisoensaansuiwering) uiteindelik van meer betekenis sal wees.


Vanaf laat in Augustus is 'n positiewe invloed op die sake- en verbruikersvertroue uitgeoefen deur die opmerklike styging in die dollarpryse van Suid-Afrikaanse uitvoere van edelmetale, wat met 'n herstel in die wisselkoers van die rand teenoor die Amerikaanse dollar tot meer as \$0,40 gepaard gegaan het. Hoewel die moontlikheid van verskerpte handelsanksies teen Suid-Afrika klaarblyklik aandag verdien, word 'n voortgesette groot oorskot op die lopende rekening vir die res van 1986 in die vooruitsig gestel. Tesame met 'n verwagte daling in die netto kapitaaluitvlöei, hou dit ook die moontlikheid in dat Suid-Afrika se buitelandse-skuldposisie en skulderugbetalingsverpligtings, en sy buitelandse-reserveposisie in die algemeen, met groter gemak gehanteer sal kan word.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Nadat dit in die eerste kwartaal van 1986 teleurstellend presteer het (toe die reële bruto binnelandse produk, volgens huidige ramings, teen 'n seisoensaansuiwerde jaarkoers van ongeveer 2½ persent teruggesak het), het die Suid-Afrikaanse ekonomie in die tweede kwartaal 'n matig opwaartse groeineiging hervat. Voorlopige ramings dui daarop dat die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van ongeveer 1½ persent toegeneem het. Nadat dit in drie uit die vier mees onlangse voltooide kalenderkwartale positiewe groei getoon het, was die totale reële produksie in die tweede kwartaal van 1986 per saldo duidelik op 'n ietwat hoër vlak as in die tweede kwartaal van 1985. Hierdie ontwikkelings het derhalwe bevestig dat 'n laagtepunt in ekonomiese bedrywigheid inderdaad wel in die tweede kwartaal van 1985 bereik is en dat opeenvolgende kwartaallikse veranderings in totale produksie sedertdien plaasgevind het rondom 'n matig opwaartse groeipad op langer termyn.

Reële bruto binnelandse produk en besteding



Die toename in die totale reële produksie wat per saldo gedurende die vier kwartale tot die tweede kwartaal van 1986 aangeteken is, was egter onvoldoende om te vergoed vir die daling in produksie wat gedurende die voorafgaande sikliese afswaai vanaf die derde kwartaal van 1984 tot die tweede kwartaal van 1985 ondervind is. Gevolglik was die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 1986 nog steeds laer as die vlak daarvan in die tweede kwartaal van 1984. Hierbenewens was die meer onlangse kwartaallikse stygings in produksie ook onvoldoende om 'n daling in die reële bruto binnelandse produk *per capita* in die agt opeenvolgende kwartale vanaf die derde kwartaal van 1984 te verhoed.

Die sektore wat hoofsaaklik vir die matige stygging in die totale reële produksie in die tweede kwartaal van 1986 verantwoordelik was, was die landbou, groothandel en die motorhandel. Toenames in die reële toegevoegde waarde van hierdie sektore het meer as ten volle opgeweeg teen afnames in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese en die kleinhandelsektor, wat, teen jaarkoerse bereken, onderskeidelik 2 en $7\frac{1}{2}$ persent beloop het. 'n Aflatting in reële produksie is deur die nie-goud-mynbousektor ondervind.

Toenames in die reële toegevoegde waarde van die landbou gedurende die eerste helfte van 1986 is nie ten volle in dienooreenkomsdig hoër waardes van reële bruto boerdery-inkomste of in die reële bruto verkoopswaarde van landbouprodukte op die boerderyvlak weerspieël nie. Dit kon, in plaas daarvan, in die eerste plek aan 'n aansienlike daling in die reële intermediêre insette van die landbousektor toegeskryf word, dit wil sê aan besnoeiings deur boere van die totale volume van hul aankope van boerderybenodighede soos brandstof, kunsmis en plaagdoders. Hierdie vermindering van die intermediêre insette van die landbou het klaarblyklik betekenis dat die "rugwaarts-geskakelde" stimulerende uitwerking van die landbou se bedrywighede op die fabriekswese verswak is. Boonop is die produksievlekke in die fabriekswese in die eerste en tweede kwartale van 1986 nog aan bande gelê deur die voortgesette daling in vaste investering, deur die verdere interting op voorrade en voorrade-in-die-handel, en deur die afwaartse aanpassing van die private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal van die jaar.



Die stygging in die reële toegevoegde waarde van die motorhandel in die tweede kwartaal van 1986 was 'n weerspieëling van die matige herstel in die verkoop van nuwe motorvoertuie. Alhoewel dit deel uitgemaak het van die algemene herstel van die reële verbruiksbesteding gedurende die grootste deel van die tydperk sedert die middel van 1985, wil dit voorkom asof die beter motorverkoop in die tweede kwartaal van 1986 ook beïnvloed is deur sekere toegewings wat onlangs met betrekking tot die belasting van byvoordele ten opsigte van die private gebruik van maatskappymotors toegestaan is, deur verskerpte reklameveldtogte en deur die groeiende belangrikheid van die vervangingsvraag.

Binnelandse besteding

Die weifelende aard van die huidige stadige ekonomiese herstel tot op hede is weerspieël in die totale reële binnelandse besteding wat in die tweede kwartaal van 1986 teen 'n jaarkoers van 3 persent gedaal het nadat dit in die derde kwartaal van 1985 gestyg het, in die vierde kwartaal van 1985 gedaal het en in die eerste kwartaal van 1986 weer taamlik aansienlik (teen 'n jaarkoers van sowat 7 persent) gestyg het. Die hernieuwe daling in die totale reële binnelandse besteding in die tweede kwartaal van 1986 is egter uitsluitlik meegebring deur die voortgesette afwaartse neiging in reële vaste kapitaalvorming en deur 'n hernieuwe versnelling in die koers van interting op reële voorrade.

Reële verbruiksbesteding deur private huishoudings, wat in die vierde kwartaal van 1985 ietwat kunsmatig verhoog is deur die uitwerking van vervroegde aankope van duursame en ander goedere in afwagting van prysverhogings wat in die nuwe jaar gemaak sou word, is in die daaropvolgende drie maande taamlik opmerklik af-

Hoofkomponente van bruto binnelandse besteding



waarts aangepas. Dit wil egter voorkom asof hierdie aanpassing in die eerste kwartaal van 1986 voltooi is, en dit is in die tweede kwartaal meer as ten volle omgekeer. Hoë reële bestedingsvlakke is in die tweede kwartaal in al die klasse van besteding waargeneem. Dit was egter besonder opvallend in die besteding aan persoonlike vervoertoerusting en in besteding aan petroleumprodukte, motoronderdele en -toerusting.

Die skerp styging in reële owerheidsverbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1986 (dit wil sê die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1985/86) is in die tweede kwartaal voortgesit, alhoewel teen 'n taamlik laer jaarkoers van omstreng $15\frac{1}{2}$ persent. Hierdie toename was egter nie eweredig oor die verskillende hoofkomponente van owerheidsbesteding versprei nie. Reële salaris- en loonbetaalings, wat hoofsaaklik 'n klein toename in die vlak van owerheidsindienstneming weerspieël het, het slegs matig teen 'n jaarkoers van 2 persent toegeneem. Verhoogde reële besteding op goedere en ander dienste was derhalwe vir die grootste deel van die toename in totale owerheidsverbruiksbesteding verantwoordelik.

Die versnelde afname in die reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste kwartaal van 1986 het in die tweede kwartaal slegs in beperkte mate van 'n jaarkoers van 21 persent tot 'n jaarkoers van 16 persent verlangsaaam. In die private sektor is besnoeiings in reële vaste kapitaalbesteding aangeteken in al die hoofsektore van ekonomiese bedrywigheid met uitsondering van die mynbou; in die mynbou is die vlak van vaste investering van die eerste kwartaal in die tweede kwartaal gehandhaaf. In die openbare sektor het die afname in reële vaste investering hoofsaaklik uit verdere verminderings in kapitaalbesteding vir elektrisiteitsopwekking voortgespruit; kapitaalbesteding deur openbare korporasies in die fabriekswesesektor het in werklikheid toegeneem. 'n Geringe toename in vaste investering is ook deur openbare owerhede aangeteken, as die netto resultaat van 'n vermindering in reële kapitaalbesteding deur die Departement Pos- en Telekommunikasiewese en 'n toename in reële kapitaalbesteding deur die algemene owerheidsdepartemente. Die styging in kapitaalbesteding deur die algemene owerheid kon, soos die toename in owerheidsverbruiksbesteding, duidelik in verband gebring word met die Regering se aanvaarding, laat in 1985 en in 1986, van 'n ietwat meer stimulerende fiskale beleidsingesteldheid en 'n meer ekspansionistiese benadering tot sy eie bestedingsbeleid.


Nadat dit in die eerste kwartaal van 1986 sterk teruggesak het, het die koers van reële voorraadvermindering in die tweede kwartaal weer eens betreklik groot afmetings aangeneem. Dit was hoofsaaklik aan afnames in die seisoensaangesuiwerde volumes van nie-nywerheids- en nie-handelsvoorraade toe te skryf; mynbouvoorraade en landbou- en diamantvoorraade-in-die-handel was gevoldlik teen die einde van die tweede kwartaal aansienlik laer as teen die einde van die eerste kwartaal van die jaar. Nywerheids- en handelsvoorraade, daarenteen, het gedurende die tweede kwartaal stadiger as gedurende die

eerste kwartaal gedaal. Voorrade in die groot- en kleinhandel het in werklikheid toegeneem; die onverwagte oplewing in die verkoop van nuwe motorvoertuie het egter 'n onbeplande intering in voorrade van die motorhandel veroorsaak. Die netto verdere afname in totale voorraadvlakte het veroorsaak dat die verhouding van totale reële voorrade tot die reële bruto binnelandse produk verder gedaal het van sy mees onlangse hoogtepunt van 36 persent in die eerste kwartaal van 1985 tot 34 persent in die eerste kwartaal van 1986 en 33 persent in die tweede kwartaal van 1986.

Faktorinkome en besparing

Die toename van $13\frac{1}{2}$ persent in totale nominale faktorinkome gedurende die huidige ekonomiese herstel vanaf die derde kwartaal van 1985 tot die tweede kwartaal van 1986 het bestaan uit 'n toename van 17 persent in die bruto bedryfsurplus en van 11 persent in arbeidsvergoeding. Gedurende die tweede kwartaal van 1986 het arbeidsvergoeding egter aansienlik vinniger as die totale bruto bedryfsurplus toegeneem. Die versnelde toename in arbeidsvergoeding was veral opvallend in die mynbou-sektor en in die vergoeding van werknemers van die algemene owerheid. Die verlangsamming van die koers van toename in totale bruto bedryfsurplus het in belangrike mate in verband gestaan met die styging in die gemiddelde wisselkoers van die rand gedurende die eerste vier maande van 1986. Hierdie appresiasijs van die rand het die bruto verkoopsopbrengs (in die binnelandse geld-

Faktorinkome



eenheid gemeet) van die goudmynbouywerheid in die tweede kwartaal van die jaar aansienlik beïnvloed.


Bruto binnelandse besparing het in die tweede kwartaal van 1986 verder afgeneem. Die daling in die verhouding van bruto binnelandse besparing tot bruto binnelandse produk in die eerste helfte van 1986 (tot 'n vlak van slegs $22\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal), het die grootste deel van die toename in hierdie verhouding wat gedurende die tydperk van insinking vanaf die derde kwartaal van 1984 tot die tweede kwartaal van 1985 voorgekom het, weer uitgewis. Die afname in die binnelandse besparingsverhouding is egter oortref deur 'n verdere afname in die bruto binnelandse investeringsverhouding vanaf $20\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal tot $17\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1986. Die aansienlike oorskot van reële binnelandse besparing oor reële binnelandse investering het klaarblyklik ook die middele voorsien, in die vorm van reële goedere en dienste, om Suid-Afrika se buitelandse skuldverpligte mee te verminder.

Afnames is aangeteken in al die hoofkategorieë van besparing, met die gebruiklike uitsondering van die voorstiening vir waardevermindering. Die toename in ontsparing deur die algemene owerheid van die eerste tot die tweede kwartaal van 1986 was weer eens 'n weer-spieëling van die owerheid se ietwat meer ekspansionistiese benadering tot fiskale beleid, waarna reeds vroeër verwys is. Die afname in maatskappybesparing het klaarblyklik verband gehou met die verlangsamming in die koers van toename in die bruto bedryfsurplus. Die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkomme het van $4\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal tot 3 persent in die tweede kwartaal van 1986 verminder vanweë die hernieuwe matige oplewing in verbruikersvraag in die tweede kwartaal, wat veroorsaak het dat private verbruiksbesteding relatief vinniger as persoonlike inkomme toege-neem het.

Werkverskaffing

Die herstel in die ekonomiese bedrywigheid in die tweede helfte van 1985 het meegebring dat werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie in die derde en vierde kwartale van 1985 matig toegeneem het teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 0,8 en 1,7 persent. Toenames in die aantal werknemers is in sowel die private sektor as by die openbare owerhede aangeteken. In die eerste kwartaal van 1986 het die totale werkverskaffing buite die landbou nagenoeg onveranderd gebly op 'nvlak wat, per saldo, min verskil het van die vlak in die eerste kwartaal van 1985. Die feit dat die totale werkverskaffing min of meer stilgestaan het, was die netto resultaat van 'n verdere styging in indiensneming deur die openbare owerhede en 'n breedweg soortgelyke afname in werkverskaffing in die private sektor. Inligting wat van die fabriekswese- en konstruksiesektore, elektrisiteitsopwekking en die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste verkry word, toon dat werkverskaffing in hierdie onder-

Nie-landbouwerkverskaffing



skeie sektore gedurende die tweede kwartaal van 1986 verder afgeneem het.


Die betreklik swak groei in die totale vraag na arbeid het ook meegebring dat werkloosheid gedurende die tweede helfte van 1985 en tot in die eerste kwartaal van 1986 of verder gestyg het of op betreklik hoë vlakke onder alle bevolkingsgroepes gehandhaaf is. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werkloses het gestyg van 79 700 in Januarie 1985 tot 137 700 in Januarie 1986. Vanaf Januarie 1986 het hierdie syfer egter nie onbeduidend nie gedaal tot 127 700 in Julie. Die meer onlangse matige daling in werkloosheid kon gedeeltelik toegeskryf word aan die inwerkingstelling van spesiale opleidings- en werkskeppingsprogramme deur die owerheid sedert 1985.

Arbeidskoste en produktiwiteit


Die betreklik slap toestand in die arbeidsmark in 1985 en die eerste helfte van 1986 het ook geleid tot beduidend laer koerse van toename in die nominale vergoeding per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie. Oor 'n tydperk van vier kwartale gemeet, het hierdie koers van 17,9 persent in die vierde kwartaal van 1984 tot slegs 10,0 persent in die eerste kwartaal van 1986 afgeneem. Die reële vergoeding per werknemer was in die eerste kwartaal van 1986 nie minder nie as 7,7 persent laer as die vlak waarop dit in die eerste kwartaal van 1985 gestaan het.

Arbeidsproduktiwiteit, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, het in 1985 met meer as 1 persent gedaal nadat 'n toename van ongeveer 3 persent in 1984 aangeteken is. In die eerste kwartaal van 1986 was

Arbeidsproduktiwiteit, -vergoeding en -eenheidskoste in die nie-landbousektore



Verbruikerspryse



die arbeidsproduktiwiteit 2 persent laer as in die eerste kwartaal van 1985. Dit was 'n illustrasie van 'n bekende verskynsel in 'n dalende konjunktuurtoestand, soos wat in die eerste helfte van 1985 ondervind is, naamlik dat die aantal werkers neig om minder as proporsioneel tot die afname in die totale fisiese produksie verminder te word.

Die koers van toename in arbeidseenheidskoste het, in nominale terme, van 13 persent in 1984 tot 12½ persent in 1985 verlangsaam. In die eerste kwartaal van 1986 was die arbeidseenheidskoste 12½ persent hoër as in die eerste kwartaal van 1985. Aangesien hierdie geringe verlangaming in die koers van toename in arbeidskoste per eenheid van produksie voorgekom het ten spyte van 'n taamlik opmerklike afname in arbeidsproduktiwiteit, het die daling in die koers van toename in die nominale arbeidsvergoeding klaarblyklik 'n meer as volledige verklaring daarvoor gebied.

Pryse

Die inflasiekoers, soos gemeet deur veranderings in verbruikers- en produksiepryse, het in 1985 en tot in die eerste kwartaal van 1986 versnel maar daarna in die tweede kwartaal verlangsaam. Hierdie neiging is duidelik geïllustreer deur die kwartaal-tot-kwartaal-, dit wil sê die kortertermyn-, stygings in die verbruikersprysindeks, wat versnel het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,6 persent in die derde kwartaal van 1985 tot nie minder nie as 27,2 persent in die eerste kwartaal van 1986

voordat dit skerp teruggeval het tot 12,8 persent in die tweede kwartaal. Die afname in die koers van verbruikersprysstygings vanaf Februarie 1986 was hoofsaaklik 'n weerspieëeling van die vertraagde uitwerking van die herstel in die wisselkoers van die rand vanaf middel-Desember 1985 tot middel-Maart 1986, asook van die uitwerking van aanmerklike afwaartse aanpassings in die prys van ruolie in die internasionale markte. Hierdie ontwikkelings het meegebring dat die prys van ingevoerde goedere in Februarie en Maart 1986 gemiddeld teen laer koers toegeneem het en in werklikheid gedurende die daaropvolgende drie maande tot Junie 1986 gedaal het. Die verlangaming van die koers van toename in die verbruikersprysindeks in die tweede kwartaal van 1986 kon derhalwe gedeeltelik verklaar word aan die hand van die verlaging van die binnelandse prys van petroleumprodukte. Dit was egter ook 'n weerspieëeling van kleiner verhogings van die prys van die meeste ander verbruikersgoedere en -dienste, met uitsondering van behuising en kommunikasie.

Oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet het die koers van toename in verbruikerspryse afgeneem van 'n hoogtepunt van 20,7 persent in Januarie 1986 tot 16,9 persent in Junie. Daarna het dit in Julie egter weer versnel tot 18,2 persent. Die hernieuwe versnelling in Julie, wat na alle waarskynlikheid nie 'n duursame verandering in die

effens afwaartse langertermynneiging ingelui het nie, was hoofsaaklik te wyte aan 'n skerp stygging in voedselprys en die koste van behuising. Die koers van verandering oor twaalf maande in die produksieprysindeks het verlangsaam van 22,2 persent in Januarie 1986 tot 19,1 persent in Junie en 19,7 persent in Julie.

Betalingsbalans en wisselkoerse


Lopende rekening van die betalingsbalans

Ná 'n daling in die eerste kwartaal van 1986 het die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans in die tweede kwartaal aansienlik verbeter tot 'n vlak wat effens hoër was as die kwartaallikse gemiddelde in die loop van 1985. Teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse het die oorskotte op lopende rekening in die eerste en tweede kwartaal van 1986 onderskeidelik R4,3 miljard en R6,0 miljard bedra. Hierdie opmerklike verbetering was toe te skryf aan 'n stygging van 12½ persent van die eerste na die tweede kwartaal in die waarde van die goedere-uitvoer en 'n betekenisvolle herstel van die waarde van die netto gouduitvoer. Gesamentlik was hierdie stygings in uitvoerverdienstes heelwat groter as die toename van kwartaal tot kwartaal in die waarde van die goedere-invoer en die aansienlike stygging in netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners.

Die aansienlik verbeterde prestasie van die goedere-uitvoer in die tweede kwartaal van 1986 is meer as ten volle verstaanbaar deur toenames in uitvoervolumes. Besonder groot toenames in hoeveelhede uitgevoer is ten opsigte van ferro-chroom, asbes, suiker en diamante aangeteken; saam met 'n stygging in die steenkool-uitvoer het hierdie toenames in Julie voortgeduur en selfs verder versnel. Hierteenoor het uitvoerpryse gedurende die tweede kwartaal in werklikheid gedaal. Dit was 'n weerspieëeling van 'n afplatting in internasionale kommoditeitspryse wat op aansienlike stygings in hierdie pryse vroeër in die jaar gevolg het.

Die herstel in die netto gouduitvoer het sowel prys- as volume-toenames weerspieël. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het in sowel die eerste as die tweede kwartaal op nagenoeg VSA \$342 per fyn ons gebly. As gevolg van die depresiasie van die rand

Betalingsbalans: Saldo op lopende rekening



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse
R miljoene

	1986	
	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	21 360	24 020
Netto gouduitvoer	14 850	15 770
Goedere-invoer	-23 710	-24 580
Netto dienste- en oordragbetalings	-8 220	-9 190
Saldo op lopende rekening	4 280	6 020


teenoor die VSA-dollar het die *randprys* van goud egter van R740 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1986 tot R771 per fyn ons in die tweede kwartaal gestyg. In Julie en Augustus het die prys van goud in sowel rand- en dollartermes toegeneem. Op 11 Augustus het die vasstellingsprys VSA \$394,50 per fyn ons bereik. Daarna het die goudprys vir die res van Augustus tussen VSA \$375 en VSA \$385 geskommel voordat dit op 3 September 1986 tot 'n vlak van meer as VSA \$400 per fyn ons gestyg het. Gedurende die eerste helfte van September 1986 het die gemiddelde vasstellingsprys op die Londense mark VSA \$409,18 per fyn ons bedra.

Teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse het die *goedere-invoer* van R23,7 miljard in die eerste kwartaal van 1986 tot R24,6 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Soos in die geval van die goedere-uitvoer was dit die ge-



volg van aansienlike volumetoenames. Die gemiddelde prys van invoergoedere het in die tweede kwartaal gedaal, hoofsaaklik as gevolg van laer internasionale oliepryse. Skerp toenames in die waarde van die invoer is in die besonder ten opsigte van landbouprodukte, tekstiele en vervoertoerusting aangeteken. 'n Verdere skerp toename in die waarde van die goedere-invoer, wat steun verleen het aan die siening dat die huidige ekonomiese herstel in die mees onlangse maande moontlik sterker geword het, het in Julie voorgekom. Hoër invoer is in besonder in die klasse mineraalprodukte, chemiese produktes, masjinerie en elektriese toerusting, en vervoertoerusting aangeteken.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het sy sterk opwaartse neiging voortgesit. In die tweede kwartaal van 1986 is hoër betalings vir dividende, vir toerisme en vir die vergoeding van buitelandse werkers slegs in 'n beperkte mate deur hoër dienste-ontvangste geneutraliseer.

Betalingsbalans: Handelsrekening



Goudprys



Kapitaalrekening

Alhoewel dit nog steeds op 'n hoëvlak gebly het, het die uitvloei van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, voortgegaan om vanaf 'n hoogtepunt van R4,4 miljard in die vierde kwartaal van 1985 en vanaf R1,6 miljard in die eerste kwartaal van 1986 tot R1,0 miljard in die tweede

kwartaal te daal. Hierdie daling was hoofsaaklik 'n weer-spieëling van soortgelyke dalings in die uitvloei van korttermynkapitaal, met inbegrip van onaangetekende transaksies. Die uitvloei van korttermynkapitaal het in werklikheid van nie minder nie as R4,2 miljard in die vierde kwartaal van 1985 tot slegs R0,5 miljard in die tweede kwartaal van 1986 gedaal. Ongunstige vervroegings en vertragings in internasionale betalings en ontvangste wat met die hernieuwe daling in die wisselkoers van middel-Maart tot middel-Junie 1986 gepaard gegaan het, was vir 'n aansienlike deel van die voortgesette, alhoewel sterk verminderde, uitvloei van korttermynkapitaal in die tweede kwartaal van 1986 verantwoordelik, maar het duidelik 'n heelwat minder belangrike rol gespeel as in die tweede helfte van 1985. Dit wil voorkom asof dit teen Augustus 1986 min of meer ten volle uitgewerk was.

Die uitvloei van langtermynkapitaal het effens gedaal van R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1986 tot R0,5 miljard in die tweede kwartaal. Die verdere uitvloei van langtermynkapitaal in die tweede kwartaal was die gesamentlike resultaat van terugbetalings deur die openbare owerhede op buitelandse lenings wat nie onder die stilstandreëlings ingesluit was nie en van netto verkope deur nie-inwoners van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word. Alhoewel die deviesebeheer-regulasies verhoed dat die opbrengs van sodanige verkope Suid-Afrika werklik in die vorm van buitelandse valuta verlaat, lei hierdie verkope wel tot 'n daling in langtermyn- buitelandse belegging in Suid-Afrika wat hoofsaaklik deur 'n stygging in reserwe-verwante korttermyn- buitelandse laste geneutraliseer word. *Ceteris paribus* veroorsaak sodanige verkope dus normaalweg wel nog steeds 'n daling in die amptelike netto goud- en ander buitelandse reserwes. Die omvang van die netto verkope deur nie-inwoners van genoteerde effekte gedurende die tweede kwartaal van 1986 was egter aansienlik kleiner as in die eerste kwartaal van die jaar. Hierbenewens was sekere openbare korporasies ook nog steeds in staat om in die vorm van projekfinansiering oorsese langtermynkrediete te bekom.

Buitelandse reserwes

Die oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal van 1986, tesame met die kleiner netto uitvloei van buitelandse kapitaal, het 'n toename van R475 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes tot gevolg gehad. Dit was die eerste sodanige toename wat sedert die instelling van die skuldstilstandreëlings vroeg in September 1985 aangeteken is. In die tweede kwartaal van 1986 het terugbetalings op reserwe-verwante buitelandse laste ten bedrae van R1,4 miljard (met inbegrip van 'n terugbetaling van R216 miljoen op Suid-Afrika se skuld aan die IMF) egter ook meegebring dat die *bruto* goud- en ander buitelandse reserwes (sonder inagneming van waardasie-aansuiwerings) met R0,9 miljard gedaal het. As gevolg van die depresiasie van die rand, het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes nogtans in terme van rand


vanaf 'n onderste draapunt in April 1986 begin styg. Daarna het dit gedurende Julie en Augustus 1986 ook in dollarterme begin styg.

Wisselkoerse

Die effektiewe wisselkoers van die rand, wat van 18 Desember 1985 tot 13 Maart 1986 stellig herstel het, het daarna weer tot 12 Junie 1986 gedaal tot 'n vlak wat slegs marginaal bo die laagtepunt van Desember geleë was. Soos in die bygaande tabel getoon word, het hierdie daling teenoor al die belangrikste geldeenheide voorgekom. Die hernieuwe herstel van die effektiewe wisselkoers van die rand ná 12 Junie was aanvanklik slegs 'n weer-spieëling van 'n appresiasi van die rand teenoor die VSA-dollar en die Britse pond; teenoor die meeste ander geldeenheide het die rand op wesenlik onveranderde vlakte gebly of in werklikheid selfs effens verder gedepresieer. Vanaf die begin van September het die skielike styging in die goudprys egter meegebring dat die rand teenoor al die belangrikste geldeenheide gestyg het. Op 15 September was die effektiewe wisselkoers van die rand 17,9 persent bo sy laagtepunt van 12 Junie 1986.

Die finansiële rand het gedurende die grootste deel van die tweede kwartaal en in Julie en die eerste deel van Augustus skerp gedepresieer vanaf VSA \$0,3326 op 21 April 1986 tot 'n onderste draapunt van VSA \$0,1825 op 7 Augustus. Op daardie datum het die dollarwaarde van die finansiële rand 'n historiese rekord-diskonto van nie minder nie as 52,3 persent teenoor die kommersiële rand bereik. 'n Verruiming van die verskillende doeleindes waarvoor die finansiële rand gebruik kan word, is op 8

Wisselkoerse



Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	18 Des 1985 tot 13 Mrt 1986	13 Mrt 1986 tot 12 Jun 1986	12 Jun 1986 tot 15 Sept 1986
Geweegde gemid-delde	30,1	-28,7	17,9
VSA-dollar	36,4	-29,1	20,6
Britse pond	33,3	-32,0	25,0
Duitse mark	24,6	-31,8	12,6
Switserse frank	25,2	-33,2	10,2
Japanse yen	21,9	-34,9	13,1
Franse frank	25,2	-29,3	15,6

Augustus deur die owerhede aangekondig. Kragtens hierdie aankondiging kan die finansiële rand voortaan ook aangewend word om aandele in nuwe maatskappye op te neem, om aandele in bestaande ongenoteerde maatskappye te koop, en om vaste eiendom aan te skaf. Vanaf 7 Augustus tot 15 September 1986 het die finansiële rand met 24,7 persent tot VSA \$0,2275 geappresieer. Op daardie vlak het sy diskonto teenoor die kommersiële rand soos op daardie datum 47,2 persent bedra.

Geld- en bankwese

Geldvoorraad

Die verlangsaming van die groeikoers van die geldvoorraad wat teen die einde van 1984 begin het, het regdeur die tweede kwartaal en Julie 1986 voortgeduur. As gevolg hiervan was die waargenome koers van toename in die onlangs hergedefinieerde breë geldvoorraad, M3, van die middel van November 1985 tot aan die einde van Julie 1986 heelwat onder die onderste perk (van 16 persent) van die owerhede se mikpuntgroeikoers vir M3 vir die tydperk vanaf die vierde kwartaal van 1985 tot die vierde kwartaal van 1986. Nadat dit vanaf die middel van November tot aan die einde van Julie 1986 teen 'n seisoenaangesuiwerde jaarkoers van 9½ persent gegroei het, was M3 op laasgenoemde datum byna R3,2 miljard of 4,0 persent benede die onderste grens van die mikpuntperk. (Voorlopige sifers vir Augustus 1986 dui egter daarop dat die mate waarin die mikpunt nie bereik is nie, in daardie maand tot 3,8 persent gekrimpt het.) Die betreklik stadige groei in hierdie monetêre totaal het derhalwe bevestig dat daar behoeftte bestaan het aan die progressief meer eksansionistiese beleidsingesteldheid wat die Tesourie en die Reserwebank oor die voorafgaande twaalf maande aanvaar het en het ook steun verleen aan die verdere verslapping in die Reserwebank se monetêre beleid in Augustus en September 1986.

Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande het die groeikoers van M3 verder afwaarts geskommel van 11,1 per-

Geldvoorraad



sent in Maart 1986 tot 9,9 persent in Junie en tot 9,4 persent in Julie. Die groeikoers oor twaalf maande van M2 het op min of meer soortgelyke wyse na laer vlakke geskommel, van 10,0 persent in Maart 1986 tot 8,4 persent in Junie en tot 7,1 persent in Julie. Hierteenoor het die groeikoers oor twaalf maande van M1 (wat sterk beïnvloed is onder andere deur die afskaffing, vanaf September 1985, van die werkwyse waarvolgens die banke by die maandelikse berekening van hul korttermynverpligtings teenoor die publiek vir die doel van hul reserwebatevereistes 'n gemiddelde van hul daagliks onmiddellik opeisbare verpligtings bereken het) aansienlik vinniger afgeneem en vanaf Oktober 1985 en daarna op negatiewe vlakke te staan gekom. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het die groeikoers oor twaalf maande van M1A in werklikheid vanaf Junie 1985 versnel, deels deurdat die afskaffing van die banke se voormalige "averaging"-prosedure die groei van M1A sterk begunstig het en deels as gevolg van die groter klem wat die banke op hul tjeckdeposito's laat val het en van die banke en die bouverenigings se verskerpte mededinging om transmissiedeposito's. Die groeikoers oor twaalf maande in M1A het gevoldiglik in Julie 1986 nie minder nie as 28,4 persent beloop. In die lig van die afskaffing van "averaging" is dit egter duidelik dat nog die groeikoers van M1A nog dié van M1 oor die afgelope twaalf maande 'n behoorlike aanduiding kan gee van die ware sterkte van die monetêre uitbreiding en dat hierdie

groeikoerse misleidend sou wees indien monetêre beleid daarop gebaseer sou word.

Die belangrikste verklaring, in rekeningkundige terme, van die verdere verlangsaamming van die groei in M3 gedurende die tweede kwartaal en Julie 1986, was die verdere verlangsaamming in totale nuwe kredietverlening deur "monetêre" instellings (dit wil sê banke, bouverenigings en die Posspaarbank) gedurende hierdie tydperk. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande het die koers van toename in die totale kredietverlening van die "monetêre" sektor (wat die eise van hierdie sektor sowel beide die regering- as die nie-monetêre private sektor insluit) verder gedaal van 14,6 persent in Maart 1986 tot 13,6 persent in Julie. Daar teenoor het veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre sektor oor hierdie tydperk van vier maande per saldo 'n klein positiewe bydrae tot die groei in M3 gemaak; die toename in die netto besit aan buitelandse reserwes van hierdie sektor gedurende die tweede kwartaal van 1986 was die eerste sodanige kwartaallike toename sedert die tweede kwartaal van 1985.


Bankkrediet

Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers van toename in *bankinstellings* se krediet aan die private sektor verlangsaam van 14,1 persent in Maart 1986 tot 10,7 persent in Julie. Van die eerste tot die tweede kwartaal van 1986 is daar hoegenaamd geen toename in die kwartaallike gemiddelde van die banke se eise teen die private sektor aangeteken nie, en vanaf die einde van Maart tot aan die einde van Junie het die totale seisoensaangesuiwerde bankkrediet aan die private sektor in werklikheid selfs 'n baie geringe daling getoon. 'n Toename in sodanige krediet, ná seisoensaansuiwering, is egter in Julie aangeteken.


Die feit dat die totale bedrag aan bankkrediet aan die private sektor gedurende die afgelope paar maande byna geen verandering getoon het nie, kan in verband gebring word met die volgehoue slap toestand van die Suid-Afrikaanse ekonomie en in die besonder met omstandighede soos die volgehoue afname in reële vaste kapitaalvorming en in totale reële voorrade, huishoudings se volgehoue traagheid om teleen en meer beperkte leenvermoë, en die banke se groter versigtigheid by die toestaan van lenings in die lig van die verswakte kwaliteit van debiteure en die meer algemene voorkoms van slegte skulde. Die betreklike stagnasie van bankkrediet aan die private sektor gedurende 'n tydperk waarin die ekonomie herstel het, was nietemin ongewoon in dié opsig dat versnellings en verlangsamings in die toestaan van nuwe banklenings histories altyd taamlik nou aan opswaai en afswaai in die konjunktuur verbonden was, terwyl draaipunte in die koers van toename in bankkrediet tradisioneel betreklik getrou naby draaipunte in die algemene konjunktuurgolf voorgekom het.

Uiteenlopende kragte het 'n invloed uitgeoefen op die koers van toename in die verskillende soorte bankkre-

Mikpuntgrense vir groei in M3 gedurende 1986



Bankkrediet



'n aansienlike styging in die bankstelsel se netto eise teen die regeringsektor gepaard gegaan. As gevolg hiervan het die koers van toename oor twaalf maande in die totale bankkredietverlening aan sowel die private as die regeringsektor, wat in Maart 1986 12,9 persent beloop het, slegs 'n betreklik klein daling getoon tot 11,5 persent in Julie.

Bankkoersbeleid en rentekoerse


Die weifelende ekonomiese herstel, groot oorskotte op die lopende rekening van die betalingsbalans en onverwagte stadige groei in die geldvoorraad het die Reserwebank daartoe geleid om sy monetêre beleidsingesteldheid gedurende die tweede kwartaal, Augustus en September 1986 verder te verruim. Die Bank se herdiskonterings- en ander herfinansieringskoerse is verder verlaag, naamlik met 1 persent vanaf 5 Mei, met $1\frac{1}{2}$ persent vanaf 5 Augustus, en met 'n verdere $1\frac{1}{2}$ persent vanaf 5 September 1986. Die Bankkoers is in hierdie drie stappe van 12 tot 10 persent verminder. In sy verklaring wat die Bankkoersverlaging in Mei vergesê het, het die Bank spesiale melding gemaak van die volgehoud verlangsming van die bankkredietverlening aan die private sektor en van die behoefte om die totale besteding te herstimuleer. Die verdere verlagings van die Bankkoers en die verwante herfinansieringskoerse was duidelik ook in ooreenstemming met die Bank se verklaarde voorneme om aktief gebruik te maak van sy diskontobeleid ten einde sy invloed op rentekoerse, totale besteding en die geldvoorraad te laat geld.

Geldmarkrentekoerse in die algemeen het breedweg in ooreenstemming met die Bankkoersverlagings gedaal maar by geleenthed in afwagting van verdere verlagings van die Bankkoers teruggesak tot vlakte wat taamlik aansienlik onder die Bankkoers gelê het. Die koers op likwiede bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld van 12,60 persent aan die einde van April 1986 tot 10,25 persent vroeg in Augustus en tot slegs 9,90 persent aan die einde van Augustus gedaal (toe die Bank se herdiskonteringskoers vir likwiede bankaksepte nog op 11 persent gestaan het). Ná die Bankkoersverlaging van 5 September en die verlaging van die herdiskonteringskoers vir bankaksepte tot 10,50 persent, het die markkoers op bankaksepte op 5 September tot so laag as 9,25 persent teruggesak, wat die laagste vlak van hierdie koers was sedert Maart 1981. Die prima-oortrekingskoers van die verrekeningsbanke is in ooreenstemming met die Bankkoersverlagings vanaf die middel van Mei tot 14,5 persent, vanaf die tweede helfte van Augustus tot 14 persent, en vanaf 20 September 1986 tot 13,5 persent verlaag.

diet. Bruikhuurfinansiering het byvoorbeeld voortgegaan om te daal aan die hand van die afname in reële vaste kapitaalvorming. Sowel bruikhuurfinansiering as huurkoopkrediet is skynbaar ook nog steeds beïnvloed deur die vergelykenderwys hoë maksimum rentekoerse wat kragtens die Wet op die Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste toegelaat is. Ná 'n verdere verlaging van hierdie koerse met 1 persentasiepunt met ingang van 8 Augustus 1986 (tot 23 persent op die groter en 28 persent op die kleiner geldlenings, krediet- en verhuringstransaksies), was hierdie koerse nog steeds sterk positief in reële terme en aansienlik hoër as die rentekoerse in die geldmark en as die handelsbanke se prima-oortrekingskoers. Vanaf die einde van Maart 1986 tot die einde van Julie het die totale bruikhuurfinansiering van alle banke met 'n verdere 2,3 persent gedaal; huurkoopkrediet het baie marginaal met 0,6 persent toegeneem; die banke se "ander" lenings en voorskotte het in 'n soortgelyke onbeduidende mate met 0,6 persent gestyg, terwyl die private wisselportefeuilles van al die bankinstellings, nadat dit tussen April 1985 en Maart 1986 aansienlik meer as verdubbel het, met meer as 14 persent gedaal het.

Die baie beperkte netto toename in bankkrediet aan die private sektor, ná seisoensaansuiwing, vanaf die einde van Maart 1986 tot aan die einde van Julie het egter met

Korttermynrentekoerse



Finansiële markte

Staatskuldbeheer en herfinansieringsoptredes

Die Reserwebank se optrede insake die bestuur van die staatskuld was gedurende die tydperk vanaf April tot Augustus 1986, dit wil sê gedurende die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1986/87, weer eens hoofsaaklik gemik op die befondsing van die regering se leenbehoeftes. Die netto verkope van staatseffekte gedurende hierdie tydperk van vyf maande het R2 617 miljoen beloop. Van hierdie bedrag is R1 800 miljoen as uitgiftes-op-aanvraag van die Tesourie verkry, terwyl R766 miljoen deur middel van die Openbare Beleggingskommissaris opgeneem is. Spesiaal-gedateerde skatkiswissels tot 'n totale bedrag van R500 miljoen en waarvan verskillende bedrae gedurende April, Mei en Junie op tender beskikbaar gestel is, is aan die einde van Augustus afgelos om die gewone seisoenale vernouing van die geldmarktoestand te verlig. Nuwe tenders tot 'n bedrag van R200 miljoen is op 5 September aanvaar vir spesiaal-gedateerde skatkiswissels wat op 28 November 1986 sal verval. 'n Verdere sondige uitgifte van R100 miljoen op 15 September het aansoek ten bedrae van R460 miljoen getrek en is toegeken teen 'n gemiddelde koers van 8,99 persent.


Die bedrag aan fondse van die Korporasie vir Openbare Deposito's wat by die diskontohuise geplaas is, is op 29 Julie tot 'n nuwe hoogtepunt van R900 miljoen verhoog maar daarna weer tot slegs R84 miljoen op 20 Augustus verminder. In die lig van die gebruiklike groot belastingbelastings aan die einde van Augustus is hierdie fondse weer tot R800 miljoen oor die maandeinde van Augustus verhoog. Op 15 September het KOD-fondse by die diskontohuise R723 miljoen beloop. Herfinansieringsakkommodasie by die diskontovenster het insgelyks gedurende die eerste drie weke van Augustus vinnig afgeneem. Hierdie soort akkommodasie is in werklikheid op 'n aantal dae in die derde week van Augustus toegelaat om tot nul te val (dit wil sê dat die geldmark toegelaat is om ten volle "uit die Bank" te wees) as 'n verdere metode om die sentiment in die kredietmarkte aan te help. Aan die einde van Augustus het herfinansiering by die diskontovenster weer teruggekeer na 'n bedrag van effens meer as R900 miljoen. Op 12 September het dit R782 miljoen beloop.

Kapitaalmarkbedrywigheid

Die bedrywigheid in die kapitaalmark, wat vanaf vroeg in 1985 na hoër vlakke begin beweeg het, het in die tweede kwartaal en in Julie en Augustus 1986 nog verder versnel. Dit is duidelik weerspieël in aansienlik groter omsette van effekte van die openbare sektor, aansienlike nuwe uitgifte van effekte deur die openbare en private sektor, 'n verdere skerp styging in aandelepryse, 'n volgehoue hoë vlak van die invloei van fondse na nie-kontraktuele spaarinstellings, groter verbandleningsbedrywigheide en 'n effense verbetering in transaksies in die eiendomsmark. Die bedrywigheid op die aandelebeurs het egter in die tweede kwartaal effens teruggesak.

Die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, het van R20,2 miljard in die eerste kwartaal van 1986 tot 'n nuwe rekordvlak van R24,4 miljard in die tweede kwartaal gestyg. In Julie en Augustus het die maandelikse omset van hierdie effekte gemiddeld nie minder nie as R13,7

Transaksies in effekte en vaste eiendom




miljard bedra, wat 69 persent meer was as die maandelikse gemiddelde van R8,1 miljard in die voorafgaande drie maande.

Die effense verbetering in transaksies in vaste eiendom het bestaan uit 'n styging in die waarde van hierdie transaksies van R2,6 miljard in die eerste kwartaal van 1986 tot R2,7 miljard in die tweede kwartaal. In Julie was die totale waarde van transaksies in vaste eiendom, tot 'n bedrag van R977 miljoen, weer eens ietwat hoër as die gemiddelde vlak van die voorafgaande drie maande.

Die waarde van die aandele wat op die effektebeurs verhandel is, het effens teruggesak van R2,4 miljard in die eerste kwartaal tot R2,3 miljard in die tweede kwartaal van 1986. Dit is egter deur 'n aansienlik hoër maandelikse gemiddelde van R1,1 miljard in Julie en Augustus gevolg. Die effens laer aandele-omset in die tweede kwartaal van 1986 het gedeeltelik in verband gestaan met institusionele beleggers se voorkeur vir 'n groter besit aan vasterentedraende effekte vanweë hul verwagtings aangaande

Aandelepryse



'n daling in kapitaalmarkrentekoerse. Die gemiddelde prys van alle klasse aandele het in die tweede kwartaal van 1986, net teenstaande 'n afname van 3 persent in die pryse van nywerheids- en handelsaandele, met 2 persent gestyg. Daarna het die aandeelprys in Julie en Augustus, in die voetspore van die druk wat deur aankope van individuele en institutionele beleggers uitgeoefen is, gemiddeld met 14 persent gestyg. Goudmynaandelepryse het in Julie en Augustus egter met nie minder nie as 24 persent gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n opwaartse neiging in die dollarprys van goud en van die feit dat die rand tot laat in Augustus teen 'n relatief laer koers geapresieer het.


In die primêre markte het die openbare sektor in die tweede kwartaal van 1986 deur middel van uitgiftes van vaste-rentedraende effekte aan die banke en aan private nie-bankbeleggers nuwe fondse opgeneem ten bedrage van R1 818 miljoen, vergeleke met netto aflossings van R107 miljoen in die voorafgaande drie maande. Maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het gedurende die tweede kwartaal van 1986 R51 miljoen deur middel van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte en R447 miljoen deur nuwe aandelekapitaaluitgiftes opgeneem. Dit kon vergelyk word met onderskeidelik R14 miljoen en R64 miljoen in die eerste kwartaal. Gegewe die betreklik lae vlakke van sakebedrywigheid en van die investeringsvraag, het hierdie aansienlik groter beroep op die effektemarkte maatskappye in staat gestel om hul gebruik van bankkrediet (met inbegrip van bruikhuurfinansiering) met R576 miljoen te verminder nadat dit gedurende die eerste kwartaal van die jaar met R305 miljoen toegeneem het.

Die verbeterde netto invloei van fondse na bouverenigings en deelhemingsverbandskemas het hierdie instellings in staat gestel om hul verbanduitleningsbedrywigheide van R1 478 miljoen in die eerste kwartaal van 1986 tot R1 601 miljoen in die tweede kwartaal te verhoog. Die vraag na verbandfinansiering het nietemin betreklik gedemp gebly, onder ander vanweë die invloed van die verswakkende huishoudings se reële beskikbare-inkomeposisies en vanweë 'n algemene sosio-politieke klimaat wat nog nie bevorderlik gelyk het vir die aangaan van langtermynverpligtings in die vorm van verhoogde beleggings in vaste eiendom nie.

Langtermynrentekoerse

'n Algemene verruiming van die monetêr-finansiële toestand, tesame met verskuiwings wat van tyd tot tyd in die marksentiment voorgekom het, het veroorsaak dat kapitaalmarkrentekoerse in die eerste helfte van 1986 'n mate van onbestendigheid getoon het terwyl dit ook 'n ietwat afwaartse neiging aan die dag gelê het. Nadat dit in Desember 1985 'n hoogtepunt van 18,1 persent bereik het, het die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in die eerste kwartaal van 1986 tot 17,3 persent gedaal, voordat dit in die tweede kwartaal weer marginaal tot 17,4 persent gestyg het. 'n Be-

Langtermynrentekoerse



sliste en aansienlike afwaartse beweging in langtermynkoerse het egter vanaf die tweede helfte van Junie 1986 ingetree. As gevolg hiervan het die gemiddelde van hierdie koerse tot 16,4 persent in Julie en tot so min as 14,9 persent in Augustus en 14,2 persent gedurende die eerste helfte van September gedaal.

Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het van 4,8 persent in Desember 1985 (toe die sogenaamde "omgekeerde" rendementsgaping tussen hierdie opbrengskoers en die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte op 'n ongeëwenaarde 13,3 persent gestaan het) tot 5,2 persent in Junie 1986 gestyg. As die spieëlbeeld van die daaropvolgende styging in aandeelprys, het hierdie opbrengskoers egter weer tot 5,1 persent in Julie en tot 4,9 persent in Augustus teruggesak.

Die bouverenigings se maksimum huisverbandkoers, wat in Oktober 1985 tot 18,25 persent verlaag is, is in Mei 1986 tot 17,0 persent en in Junie tot 16,0 persent verlaag. Ten tye van die koersverlaging in Mei 1986 het die bouverenigings ook hulle vorige stel gedifferensieerde verbandkoerse vervang met 'n eenvormige koers vir alle

leners ongeag die grootte van die verbandlening. Deelnameverbandskemas het hul verbandkoerse afwaarts aangepas van 16,75 persent in Desember 1985 tot 15,94 persent in Januarie 1986; dié koers is sedertdien op hierdie vlak gehandhaaf.

'n Aanduiding van die algemene verloop van langtermyndepositokoerse is verskaf deur veranderings in die koerse op deposito's van twaalf maande by banke en bouverenigings. Die oorheersende koers op hierdie deposito's, wat tot 14,0 persent in Januarie 1986 gedaal het, is in Mei 1986 tot 13,0 persent, in Junie tot 12,0 persent en in Augustus 1986 tot 11,0 persent verlaag.

Staatsfinansies

Skatkisuitreikings* en -ontvangste



In ooreenstemming met die normale patroon wat dit in die afgelope aantal jare getoon het, het die skatkisuitreikings gedurende die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1986/87, wat die tydperk van April tot Junie 1986 dek, skerp toegeneem. Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente was in hierdie drie maande 22,1 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1985. 'n Betreklik matige toename in hierdie uitreikings is egter in Julie 1986 aangeteken in vergelyking met die buitengewoon høë vlak van uitreikings in Julie 1985, en die koers van toename in hierdie uitreikings het vervolgens in Augustus verder verlangsaam. Gedurende die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1986/87 was die totale uitreikings aan staatsdepartemente gevoldiglik 15,8 persent hoër as in die ooreenstemmende vyf maande van die vorige jaar. Hierdie styging het derhalwe die toename van 13,9 persent in owerheidsbesteding wat in die Begroting van Maart 1986 vir die fiskale jaar 1986/87 in sy geheel in die vooruitsig gestel is, slegs matig oorskry.

'n Verdere pakket van fiskale aansporingsmaatreëls, wat aanvullend was tot die maatreëls wat reeds in September 1985 aangekondig is of in die Begroting vir 1986/87 opgeneem is, is op 17 Junie 1986 deur die Minister van Finansies aangekondig. Hierdie pakket, wat in totaal R1,5 miljard beloop het, het hoofsaaklik bestaan uit onmiddellike terugbetaling van die leningsheffing van 1979/80, die vrystelling van sekere ingevoerde goedere van die bo-belasting van 10 persent, 'n verlaging van die aksynsreg op motorvoertuie, 'n meer toegeeflike benadering tot die byvoordelebelasting op motorvoertuie, verdere verhogings van die hulp aan boere wat deur die droogte geteister is, aanvullende lae-koste-behuisingss- en werkverskaffingsprogramme, en verdere hulp aan die Klein Sake-Ontwikkelingskorporasie. Daar is geraam dat die Regering uit hoofde van hierdie maatreëls gedurende die res van die fiskale jaar 1986/87 R250 miljoen aan inkomste sou prysgee, terwyl 'n bykomende R450 miljoen bestee sou word. Finansiering van die daaruit voortvloeiende toename in die begrotingstekort sou voorsien word in die vorm van 'n oordrag na die Skatkis van sekere inkomste, en van die opbrengs uit die verkoop van sekere bates, van die Sentrale Energiefonds en die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie. Dit was dus nie die bedoeling dat die verskillende elemente in die pakket deur 'n toename in belastings geneutraliseer sou word nie, terwyl die Regering ook beoog het om die groter beroep wat hy moontlik op die kapitaalmark sou moes doen, te beperk.


Skatkisontvangste gedurende die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1986/87 was, net soos die skatkisuitreikings, aansienlik hoër as gedurende dieselfde kwartaal

*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening.

Skatkisrekening



Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds



van die fiskale jaar 1985/86. Die toename van 19,4 persent wat gedurende hierdie tydperk aangeteken is, het hoofsaaklik voortgespruit uit 'n aansienlike toename in die ontvangste vanaf goudmynmaatskappye, wat hoër winste weerspieël het wat self weer toegeskryf kon word aan die depresiasiie van die rand tesame met 'n betreklik stabiele dollarprys van goud. Hierbenewens was daar 'n skerp toename in inkomstebelastingontvangste vanaf ander bronre. Ontvangste uit doeane-regte was ook aansienlik hoër as in vorige kwartale as gevolg van die invloed van die bo-belasting wat in September 1985 op sekere

invoergoedere ingestel is. Ontvangste van algemene verkoopbelasting het daarenteen slegs 'n baie klein verdere toename getoon, terwyl die ontvangste van ak-synsregte in werklikheid gedaal het.

Gedurende Julie en Augustus het die koers van toename in die skatkisontvangste aanmerklik afgeneem. Gevolglik was skatkisontvangste gedurende die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1986/87 slegs 10,6 persent hoër as in die ooreenstemmende vyf maande van die vorige fiskale jaar. Hierdie koers van toename was heelwat laer as die toename van 13,1 persent waarvoor in die Begroting vir die fiskale jaar 1986/87 voorsiening gemaak is.

Finansiering van die tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skulddelging in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1986/87 het R3 343 miljoen beloop, dit wil sê R1 112 miljoen meer as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1985/86. Die omvang van die tekort het dus ook bewys gelewer van die Regering se klemverskuiwing na 'n matig meer ekspanzionistiese fiskale beleid. Op hierdievlak van R3 343 miljoen het die tekort vir die tydperk April tot Augustus 85 persent verteenwoordig van die tekort van R3 944 miljoen wat vir die huidige fiskale jaar in die Begroting van Maart 1986 voorsien is. Dit kan vergelyk word met 'n soortgelyke verhouding van 75 persent ten opsigte van die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1985/86. Gegewens wat tans vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1986/87 beskikbaar is, toon dat die tekort van R3 500 miljoen wat vir hierdie tydperk aangeteken is (plus die diskonto van R347 miljoen op nuwe staatseffekteuitgifte), gefinansier is deur leningsfondse ten bedrae van R943 miljoen van die "monetêre" sektor, R1 598 miljoen van die nie-monetêre private sektor en R1 382 miljoen van die Openbare Beleggingskommissarisse op te neem. Die Regering se buitelandse skuld is gedurende hierdie tydperk met R76 miljoen verminder.